# DIE V.O.C.-PAKHUIS IN HOORN GERESTUREER

deur

DR. JAN PLOEGER

DIE Nederlandse stad Hoorn, wat aan die IJselmeer (vroeër Suidersee) geleë is, is in meer as een opsig 'n stad waar die verlede van die Nederlandse handel en seevaart nog duidelik spreek. Die geskiedenis van Hoorn gaan tot die begin van die veertiende eeu terug en in 1357 is stadsregte aan die groeiende nedersetting verleen.

Hoorn is die stad waar die stigter van die voormalige Nederlandse koloniale ryk in die Ooste, Jan Pieters Coen, die eerste lewenslig aanskou het en binne die mure van dieselfde stad was ook een van die afdelings („kamers") van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie („V.O.C.") gevestig.

Nog tydens besprekings wat tussen verskillende Hoornse handelaars gevoer is om skepe na Oos-Indië uit te stuur het in 1602 die reeds genoemde handelmaatskappy tot stand gekom, waarin die twee stede Hoorn en Enkhuizen elkeen 1/16 van die aandelekapitaal sou verstrek. Hoorn het „een fraye kamer" gekry en in 1606 is „een fray heerlyk packhuys" gebou.

Die plaaslike bewindvoerders van die Kompanjie het aan die stadsraad voorgestel om hierdie pakhuisbou te finansier. Hulle het versoek „dat de stadt een packhuys 180 voeten lanck ende 32 voeten wytt sal doen maecken". Hulle sou dan huurgeld vir die gebruik van die gebou aan die stadsraad betaal. Die stadsraad het op 22.8.1605 oor hierdie voorstel vergader, maar besluit dat die bewindvoerders die gebou vir eie rekening moet bou. Wel was die stadsraad gewillig om 'n lening van 5,000 gulde teen 6¼% te verstrek. Op 17.12.1605 het die raad besluite in verband met die uitbetaling van die genoemde bedrag en die ligging van die pakhuis geneem en in die daaropvolgende jaar is die gebou voltooi.

Die gebou het wel 32 voet breed geword, maar of die oorspronklike lengte 180 voet bedra het, is onbekend. Die huidige gebou is ongeveer 20 voet korter. Verder is die tans nog bestaande gewel, soos op die foto gesien kan word, jonger.

In 1809 het die pakhuis stedelike besit geword en later het 'n deel in hande van die Nederlandse staat oorgegaan. Tydens daardie periode is die genoemde deel vir huisvesting van getroude militêre gebruik.

In 1940 het die restaurasie van hierdie deel gevolg, terwyl in 1957 die restaurasie van die hele gebou voltooi is. Dit het onder leiding en ooreenkomstig die gedagtes van die plaaslike hoof van Publieke Werke, mnr. C. Ruitenbeek, geskied.

Tans is goewermentskantore in die histories belangrike gebou gehuisves.

Mnr. Ruitenbeek was so vriendelik om bostaande besonderhede, wat gedeeltelik aan die „Noordhollands Dagblad van 28.3.1957 ontleen is en bygaande foto aan die opsteller te verstrek.



*'n Deel van die gerestaureerde V.O.C.-pakhuis te Hoorn (Nederland). Die pakhuis is aan die Pakhuisstraat geleë en die opname dateer van Januarie 1957.*
— (Foto: P. Nooteboom).